# Leef soos God vra

## Hopie een: Reg (doen wat reg is)

| | | |
|---|---|---|
| Vertel vir die groep van iemand wat in ’n moeilike situasie reg opgetree het. | Gee ’n voorbeeld van hoe jy by die huis kan doen wat reg is. | Wat doen jy as jy sien iemand word geboelie? |

## Hopie twee: Liefde (bewys liefde)

| | | |
|---|---|---|
| Gee vir iemand in die groep ’n kompliment. | Dink aan iemand wat jou seer-gemaak het. Hoe kan jy die situasie hanteer? | Noem drie maniere waarop jy liefde kan wys sonder om iets te sê. |

## Hopie drie: Loop (loop die pad saam met God)

| | | |
|---|---|---|
| Noem een manier waarop jy elke dag nader aan God kan leef. | Wat is jou gunsteling-Bybelliedjie of -Bybelvers? | Vertel vir die groep van ’n keer toe iemand vir jou iets nuuts oor God vertel het. |